
# 464 Ure, dae, maande, jare




Vader, onder heil en smarte, Vader, as U ons bestraf,
U, die kenner van ons harte, lei ons deur die dood en graf.
Wat verander op die aarde, u verbond hou ewig stand.
Ewig rus ek in u vrede, veilig in u vaderhand.

Snel dan heen, my lewensjare, met jul droefheid en genot;
tref my rampe of gevare, nooit verander God, my God!
Sou my alles hier begewe, voortgelei steeds deur u hand,
sien ek uit in hierdie lewe na my ewig vaderland.

Rhijnvis Feith (17533-1824) Duits (1688) / Herrnhut (1735)